higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

FINANSIËLE BESTUUR
NKR VLAK 2

(3011012)

11 December 2020 (X-vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 11 bladsye en 1 antwoordblad.

552Q1N2011

Kopiereg voorbehou

TYD: 3 UUR
PUNTE: 150

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.
2. Lees al die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die vrae volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Begin elke afdeling op 'n nuwe bladsy.
5. Gebruik slegs ‘n swart of blou pen.
6. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 Kies 'n item/woord uit KOLOM B om by 'n /beskrywing in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–M) langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
1.1.1	Die verskil tussen omset en koste van verkope	A	Betrokkene ('drawee')
1.1.2	Die joernaal waarin al die items wat per tjek gekoop is, aangeteken word	B	werks/bedryfskapitaal
1.1.3	'n Dokument wat 'n sakeonderneming se doelwitte en finansiële strategie uiteensit	C	verskaffers
1.1.4	Geld wat gebruik word om vir 'n besigheid se alledaagse uitgawes te betaal	D	bruto wins
1.1.5	Oormatige voorraad wat nie verkoop nie, maar in die besigheid ophoop	E	aanvangskapitaal
1.1.6	Die bank waar die rekeninghouer 'n rekening het	F	alleeneienaar
1.1.7	Inkomste van 'n besigheid voor aftrekking van bedryfsuitgawes	G	vaste koste
1.1.8	Eenmanbesigheid	H	trekker
1.1.9	Hulle voorsien dienste, handelsware en niebedryfsbates aan 'n besigheid op krediet	I	kontantbetalingsjoernaal
1.1.10	Koste wat dieselfde bly, ongeag die besigheid se handelsaktiwiteit	J	verouderde voorraad
		K	sakeplan
		L	bruto inkomste
		M	krediteurejoernaal

(10 × 1) (10)

1.2 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.2.1–1.1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.2.1 'n Tjek wat gedateer is vir ses maande later as die datum waarop dit gedeponeer moet word, word 'n … tjek genoem.

A verouderde
B vooruitgedateerde
C order-
D kontant-

1.2.2 Watter een van die volgende is nodig om 'n kontantvloeistaat te voltooi nie?

A Besonderhede van die niebedryfsbates
B Die huidige inkomstestaat
C Twee opeenvolgende balansstate
D Lys van debiteure

1.2.3 Die volgende is 'n nadeel daarvan om elektroniese toerusting in jou organisasie te gebruik:

A Maklik om te gebruik
B Stel gebruikers in staat om vinnige en akkurate berekenings te doen
C Duur om aan te koop
D Gerieflik klein

1.2.4 Die huidige BTW wat op goedere en dienste gehef word, word bereken teen …

A 0%.
B 12%.
C 14%.
D 15%.

1.2.5 Gereelde vervanging van voorraad wat verkoop word met nuwe voorraad, staan bekend as …

A voorraadopgaring
B vooraadrotering
C verouderde voorraad
D krimping van voorraad

1.2.6 Watter EEN van die volgende is 'n voorbeeld van 'n bedryfsbate van 'n onderneming?

A Handelsvoorraad
B Toerusting
C Geboue
D Voertuig

Kopiereg voorbehou

1.2.7 Hoeveel BTW is betaalbaar op R7 200?

A R1 880.00
B R1 008.00
C R1 080.00
D R1 083.00

1.2.8 … afslag is wanneer verskaffers prysverlagings toestaan virf groot hoeveelhede wat aangekoop word.

A Vroeë betaling-
B Kontant-
C Hoeveelheids-
D Handels-

1.2.9 Verdienste wat deel vorm van wins voor belasting en deur die besigheid teruggehou word om weer te belê, word … genoem.

A bruto wins
B bruto inkomste
C dividende
D teruggehoue inkomste

1.2.10 Belasting wat gehef word op enige persoon wat 'n salaris of loon verdien wat meer is as die drempel wat die SAID bepaal, staan bekend as …

A BTW
B pensioen
C LBS
D indirekte belasting

(10 × 1) (10)

1.3 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.3.1–1.3.5) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

1.3.1 BTW is 'n indirekte belasting wat deur die regering op goedere en dienste gehef word.

1.3.2 Wanneer 'n onderneming se uitgawes meer as sy inkomste is, sal dit tot 'n verlies lei.

1.3.3 Transaksies word op grond van brondokumente in die joernale opgeteken.

1.3.4 Kontantverkope word in die debiteuregrootboek opgeteken.

1.3.5 Omset is 'n ander term vir 'n besigheid se verkope..

(5 × 1) (5)

[25]

VRAAG 2

2.1 Kies EEN woord/term uit die lys hier onder vir elk van die volgende beskrywings en skryf slegs die woord/term langs die vraagnommer (2.1.1.1–2.1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

doelwitte; korporasie; kredietkaart; boekhouer; stoporder; inventaris; slegte skuld; eienaarsbelang (‘owner's equity’); winsvooruitskatting; mentor; kosprys; kasboek; lopende rekening; handelaar

2.1.1 Die voorraad van 'n onderneming

2.1.2 'n Individu wat 'n onderneming se rekords en finansiële sake op datum hou

2.1.3 Dit sluit die eienaar se waarde en aansprake op die onderneming in

2.1.4 'n Opdrag wat aan die bank gegee word om in die toekoms 'n reeks herhalende betalings aan 'n bepaalde persoon of besigheid te doen

2.1.5 Die prys wat 'n kleinhandelaar vir 'n item betaal

2.1.6 'n Raming van die toekomstige winste van 'n besigheid

2.1.7 'n Onderneming wat by die SAID geregistreer is om BTW te betaal

2.1.8 Dit stel 'n persoon in staat om vir goedere en dienste te betaal sonder om kontant te gebruik

2.1.9 'n Joernaal wat 'n onderneming se kontantontvangste en -betalings weerspieël

2.1.10 Bedrae wat nie van debiteure verhaal kan word nie

(10 × 1) (10)

2.2 Kies die korrekte woord(e) uit dié tussen hakies. Skryf slegs die antwoord langs die vraagnommer (2.2.1–2.2.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

2.2.1 'n (Trekker/Teller) is 'n bankwerknemer wat deposito's en onttrekkings by die kasregisters in die bank hanteer.

2.2.2 (Prystoeslag/Prysafslag) ('Mark-up/Mark-down') plus die kosprys van 'n produk is gelyk aan die verkoopprys van daardie produk.

2.2.3 Krediet-(perk/tydperk) is die maksimumbedrag waarvoor 'n onderneming van sy verskaffers kan koop.

2.2.4 Die (interne joernaalmemo/kleinkasbewys) is 'n dokument met breedvoerige inligting oor die geld wat gebruik is om klein kontantbetalings te doen.

Kopiereg voorbehou

2.2.5 (Onttrekkings/Kapitaal) is geld wat deur die eienaar uit die besigheid onttrek word vir persoonlike gebruik.

2.2.6 Die (trekker/begunstigde) is die persoon wat 'n tjek as betalings ontvang.

2.2.7 (Inset/Uitset)-BTW word van 'n besigheid se klante ontvang.

2.2.8 Die (balansstaat/proefbalans) word voorberei op grond van die totale en saldo's in die algemene grootboek.

2.2.9 'n (Gekruiste/geëndosseerde) tjek kan nie gewissel word nie, maar moet in 'n bankrekening inbetaal word.

2.2.10 (Huur betaal/Huurinkomste) sal 'n positiewe invloed op 'n besigheid se netto wins hê.

(10 × 1) (10)

2.3 Voltooi die volgende sin of sinne/paragraaf of paragrawe deur die ontbrekende woord of woorde langs die vraagnommer (2.3.1–2.3.5) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

2.3.1 'n ... verdeel sy inkomste tussen die eienaars van 'n onderneming, wat dan elkeen individueel belas word.

2.3.2 Bruto inkomste is gelyk aan …

2.3.3 … is vooruitbetalings vir goedere en dienste wat op 'n later datum voorsien sal word.

2.3.4 'n ... is 'n dokument wat aantoon dat BTW op 'n transaksie gehef is.

2.3.5 Die ... bepaal dat daar 'n gelyke kredietinskrywing vir elke debietinskrywing moet wees.

(5 × 1) (5)

[25]

TOTAAL AFDELING A: 50

AFDELING B

VRAAG 3

3.1 Bestudeer die balansstaat van Ntombi Traders hier onder en beantwoord die vrae.

Ntombi Traders
Balansstaat soos op 31 Julie 2019

BATES	Aantekeninge		
Niebedryfsbates			953 000
Grond en geboue		789 000	
Voertuig		144 000	
Toerusting		20 000	
Finansiële bates			50 000
Vaste deposito: Capital Bank (8% p.a.)		50 000	
Bedryfsbates			**???**
Handelsvoorraad		70 000	
Debiteurekontrole		14 000	
Kontant en kontantekwivalente		5 000	
TOTALE BATES			**1 092 000**
EKWITEIT EN LASTE			
Eienaarsbelang ('Owner's equity')			1 000 000
Niebedryfslaste			50 000
Lening: FBN Bank (10% p.j.)		50 000	
Bedryfslaste			42 000
Krediteurekontrole		40 000	
Bankoortrekking		2 000	
TOTALE EKWITEIT EN LASTE			**1 092 000**

3.1.1 By watter bank het die onderneming 'n lening? (1)

3.1.2 Bereken die rente op die lening wat die onderneming aan die einde van die jaar sal miet betaal. Die lening is op 1 Augustus 2018 aangegaan. (3)

3.1.3 Het die onderneming 'n positiewe of 'n negatiewe banksaldo? Gee 'n rede vir jou antwoord. (3)

3.1.4 Bereken die waarde van die bedryfsbates. Toon jou berekening. (4)

3.1.5 By watter instelling is die vaste deposito inbetaal? (1)

3.1.6 Bereken die rente wat die onderneming aan die einde van die jaar sal ontvang. Die vaste deposito is op 1 Oktober 2018 inbetaal. (3)

3.1.7 Wat is die doel van die balansstaat? (2)

3.2 Die rekeningkundige siklus is 'n ketting van rekeningkundige prosesse wat gedurende elke rekeningkundige tydperk plaasvind.

Teken 'n sirkeldiagram om die SES stappe van die rekeningkundige siklus aan te toon. (6)

3.3 Identifiseer die hulpjoernaal waarin 'n rekeningkundige inskrywing gedoen sal word indien die volgende brondokument gebruik word:

3.3.1 Joernaalbewys

3.3.2 Kwitansie

3.3.3 Oorspronklike kredietfaktuur

3.3.4 Tjekteenblad

(4 × 1) (4)

3.4 Die hand- rekeningkundestelsel word as verouderd beskou sedert die bekendstelling van gerekenariseerde rekeningkundeprogramme.

Noem TWEE nadele van die hand- rekeningkundestelsel. (2 × 1) (2)

3.5 Noem DRIE afdelings van 'n onderneming se kontantvloeistaat. (3)

3.6 Bespreek TWEE redes waarom akkurate en volledige finansiële rekordhouding nodig is. (2 × 2) (4)

3.7 Noem TWEE elemente/rekeninge wat jy benodig om bruto wins in die inkomstestaat te bereken. (2)

3.8 Gee TWEE riglyne oor hoe om 'n besigheid sy laste kan bestuur. (2 × 1) (2)

[40]

VRAAG 4

4.1 Noem TWEE elemente/aspekte wat 'n invloed op 'n produk se verkoopprys het. (2 × 1) (2)

4.2 Woody's vervaardig houtkaste in grootmaat. Die huur vir die fabriek is R7 500.00 per maand. Die koste van die rou grondstowwe (hout) is gemiddeld R25 000.00 per maand. Die werkers se lone bedra R30 000.00 en ander administrasiekoste is R12 000.00 per maand.

Woody's vervaardig en verkoop elke maand gemiddeld 100 houtkaste en die eienaar beoog om 'n netto wins van 15% te maak.

Bereken die verkoopprys per kas. Toon ALLE berekenings. (8)

4.3 Redumetse het goedere van R9 560, BTW ingesluit, op 02 Oktober 2019 aan sy klante verkoop.

Bereken die bedrag van die goedere voor BTW. (3)

4.4 Lindy's Boutique het al haar wintervoorraad se pryse met 20% verlaag. Die verkoopprys van al die wintervoorraad is R128 400.00.

4.4.1 Bereken die bedrag wat die besigheid sal ontvang vir die verkope van al die voorraad. Toon ALLE berekenings. (3)

4.4.2 Wat is die afslagbedrag? (1)

4.5 In 'n poging om besighede aan te moedig om hul rekeninge gereeld te betaal, sluit verskaffers betalingstermyne op hul fakture in wat afslag bied indien betaling binne 'n bepaalde tydperk gedoen word.

Dui die TWEE maniere aan waarop betalingstermyne bepaal word. (2 × 1) (2)

4.6 Verduidelik kortliks wat nulkoersitems is. (1)
[20]

VRAAG 5

5.1 Bestudeer die tjek hier onder wat JS Traders uitgereik het, en beantwoord die vrae.

ABSA BANK
Kerkstraat14, ERMELO, 2350

Datum 2019
Datum 31 Julie ~~2018~~

Pay / Betaal Midas Traders or Bearer / of Toonder

the sum of / die bedrag van Two thousand two hundred rand only R2 002.00

JS Traders

:100112 :052544: 031038832:

5.1.1 Identifiseer DRIE redes waarom die bank sal weier om die bostaande tjek te wissel (3 × 1) (3)

5.1.2 Identifiseer die trekker, betrokkene en die begunstigde op die tjek. (3)

5.1.3 Noem die afdeling van 'n tjek wat as 'n brondokument gebruik word om die bostaande transaksie op te teken, asook die betrokke hulpjoernaal. (2)

5.1.4 Hoe kan die bostaande tjek beveilig word om te verseker dat slegs Midas Traders die geld ontvang? (2)

5.2 JS Traders het besluit om los kontant (kleinkas) vir klein betalings te hou en gebruik die stelsel van wisselende saldo's.

Op 1 Julie 2019 is 'n kontanttjek van R750.00 aan die kleinkaskassier uitgereik om die kleinkas te begin. Die totale bedrag wat vir Julie 2019 uitbetaal is, was R479.00.

Voltooi die Kleinkasrekening op die aangehegte ANTWOORDBLAD om die bedrag wat aan die einde van Julie oor is, te bereken. (5)

5.3 Noem DRIE maniere waarop geld in 'n besigheid veilig gehou kan word. (3 × 1) (3)

5.4 Gee 'n kort uiteensetting van die TWEE partye by 'n kwitansie. (2)
[20]

VRAAG 6

6.1 As die boekhouer van JS Traders, word jy versoek om die inkomstestaat op te stel vir die jaar geëindig 31 Julie 2019, op grond van die inligting hier onder:

Verkope	R432 000	00
Aankope	R244 000	00
Beginvoorraad Opening stock (01/06/2018)	R72 000	00
Eindvoorraad	R108 000	00
Versekering	R36 000	00
Huurinkomste	R24 000	00
Skryfbehoeftes	R132 000	00
Salarisse	R10 400	00

(14)

6.2 Dui aan of die volgende items 'n verhogende of verlagende uitwerking op 'n besigheid se wins sal hê.

6.2.1 Breekskade

6.2.2 Rente betaal

(2 × 1) (2)

6.3 Beskryf kortliks VIER algemene metodes om voorraadkrimping vir 'n besigheid te verminder. (4 × 1) (4)
[20]

TOTAAL AFDELING B: 100
GROOTTOTAAL: 150

Kopiereg voorbehou

EKSAMENNOMMER: | | | | | | | | | | | | |

ANTWOORDBLAD

5.2

			Kleinkas				B11
Datum	**Besonderhede**	**Fol**	**Bedrag**	**Datum**	**Besonderhede**	**Fol**	**Bedrag**

(5)

Kopiereg voorbehou